Universiteit van Pretoria / University of Pretoria / Yunibesithi ya Pretoria

# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Springstofingenieurswese 321 (PRX 321)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Module-inhoud** | Die belangrikheid van verbeterde veiligheidstandaarde, lonendheid en produktiwiteit het tegniese mynpersoneel gedwing om na alle aspekte van hul werksaamhede te kyk. Daar word toenemend besef dat ‘n doeltreffende boor–en-skietprogram ‘n positiewe uitwerking op alle mynwerksaamhede sal hê, van laaiwerk tot onderhoud; van slepery tot vergruising; grondbestutting tot skalering en ertsgraadbeheer, met die daaropvolgende verhoging in die algehele winsgewendheid deur tegnies-gevorderde projekte. Deur die veilige, doeltreffende en innoverende gebruik van springstof om rots te breek, sal die mynbou-ingenieur ‘n positiewe bydrae tot die algehele mynwerksaamhede maak. Weens die aard van die onderwerpe wat in die vak gehanteer word, word daar in ‘n aantal gevallestudies baie klem gelê op veilige hantering, gebruik en vernietiging van springstof. Daar word ook verder na die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne sowel as die Wet op Ontplofbare Stowwe gekyk. |
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Programme** | BIng Mynbou-ingenieurswese |
| | BIng Mynbou-ingenieurswese ENGAGE |
| **Voorvereistes** | MTX 221 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week, 2 tutoriale per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Mynbou-ingenieurswese |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.